REEKS OOR KAROOLAM - DEEL 4

Karoolam: Bemark dit só privaat

Boere wat waarde wil toevoeg en hul vleis regstreeks aan verbruikers wil bemark, word toegelaat om dit te doen, mits hulle aan sekere voorwaardes voldoen.

Dit maak nie saak of boere Karoolam regstreeks aan verbruikers verkoop of dit aan 'n verpakker of kleinhandelaar verkoop nie – dit moet aan wetgewing en sekere minimum voorwaardes voldoen.

Boere mag private verkope doen deur die sertifiseringskema te gebruik. Dit werk só: In die normale proses om skape by geregistreerde slagplase te laat slag, bring die boer die vee om dit te laat doen en betaal dan nie 'n tarief vir die slagwerk nie. Die slagplaas neem die vyfde kwart, maar boere kry 'n nominale bedrag vir die vel. Die boer moet die karkas gaan haal of opdrag gee aan die persoon wat sy vleis verpak om die karkasse af te haal.

As 'n boer die sertifiseringsmerk wil gebruik, geld die volgende reëls:

Wees geregistreer. Die boer moet 'n geregistreerde lid wees en vee moet van 'n geregistreerde plaas in die Karoo kom. (Sien die vorige artikel "Só kry jy die karoolammerk", *LBW*, 27 Maart) vir meer inligting daaroor.)

Dokumentasie. Die boer voltooi die normale Karoo Meat of Origin-dokumentasie vir lewering by 'n slagplaas.

Private bemarking. Op die dokumente is 'n plek waar die boer kan aandui dat die vee vir "private bemarking" geoormerk is.

Staan velgeld af. Die boer dui aan dat hy die "vellegeld" afstaan.

Die regte roete. Die slagplaas etiketteer karkasse soos normaalweg, bring die Karoo-rollermerk en stempel aan, en stel 'n volledige slagstaat en ander dokumente op. Dit vergesel die besending na 'n geregistreerde verpakker. (Dit word daarmee aanvaar dat daar 'n gesertifiseerde verpakker naby die slagplaas is, of wat deel is van die slagplaasmaatskappy. Dit is belangrik dat die verpakkingseenheid ook aan sertifiseringstandaarde voldoen.)

Nommer, asseblief. Die verpakker ontvang die slagstaat en alle dokumentasie, en verpak die karkas volgens die boer se voorskrif. Hy bring ook die sertifiseringsetiket, gewig en naspeurnommer op die verpakking aan.

Vervoer. Die boer betaal die verpakkingstarief aan die verpakker en reël vir koelvervoer.

Hou dit koud. Wetlike standaarde wat vervoer betref, moet gehandhaaf word sodat die koueketting nie verbreek word nie.

Maak jou prys. Die boer verkoop teen sy eie prys op die mark en betaal self vir vervoerkoste.

Die rol van die slagplaas sluit dié in:

Betaal die heffing. Vir elke karkas wat privaat onder die sertifiseringsmerk geslag word, sal die slagplaas die normale ooreengekome heffing aan die Karoo-ontwikkelingstigting (KDF) oorbetaal.

Dek administrasiekoste. 'n Balans uit "vellegeld" kan deur die slagplaas gehou word vir ekstra administratiewe koste.

Slagtarief. Die slagplaas neem reeds die res van vyfde kwart as slagtarief.

BO LINKS: Hoe langer Suid-Afrikaners sloer om 'n produk of handelsmerk as 'n geografiese indikator (GI) te registreer, hoe makliker is die kans dat iemand anders dit kan kaap. Rooibos (foto) het al twee keer amper sy naam verloor en daarom moes die regering rooibos, heuningbos en Karoolam ingevolge wetgewing in SA beskerm sodat dit internasionale beskerming geniet. FOTO: AMELIA GENIS

BO REGS: Vleis afgeneem in die gourmet-afdeling van die afdelingswinkel Galeries Lafayette in Parys, Frankryk. Dié lamsvleis kom uit die Limousine-streek. Die geel-en-blou plakker is die Europese logo vir egte streekskos. Karoolam sal waarskynlik ook later vanjaar die reg kry om hierdie logo te gebruik as dit as Suid-Afrika se derde geografiese indikator deur die Europese Unie erken word. FOTO'S: JOHANN KIRSTEN

LIGGING

Karoo



KORTOM

- Boere moet bepaalde reëls nakom om hul vleis privaat te verkoop.
- Die naspeurbaarheid van die vleis se oorsprong word in die proses verseker.

SLOT-AFLEWERING

In die laaste van 'n reeks artikels oor Karoolam verduidelik prof. Johann Kirsten, hoof van die departement van landbou-ekonomie, voorligting en landelike ontwikkeling by die Universiteit van Pretoria, dat dit moontlik is om vir die Karoolam-merk in aanmerking te kom en die vleis privaat te bemark.

Volledig naspeurbaar. Die slagplaas verseker dat die normale Karoo Meat of Origin-dokumentasie karkasse vergesel om naspeurbaarheid te verseker.

WAT VAN EUROPA?

Een vraag is of die "Karoolam"-naam ook in Europa beskerm word, veral noudat dit moontlik is om weer Suid-Afrikaanse vleis daarheen uit te voer.

Die meeste Suid-Afrikaners is seker bewus van die gevalle waar die naam "Rooibos" deur buitelandse maatskappye geregistreer is. Suid-Afrika het toe die EU versoek om name, soos rooibos, binne die EU te beskerm.

Die EU het egter eers daarop aangedring dat Europese streeksname soos "Prosciuttu di Parma" binne Suid-Afrika beskerm moet word.

Hoewel die Wet op Landbouprodukstandaarde 'n klousule het wat die Minister van Landbou magtig om die reëls vir streeksname, ens. neer te lê, het Suid-Afrika nie spesifieke wetgewing om dit te doen nie.

In die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye is daar nog nie besluit oor die inwerkingstelling van die wetgewing oor geografiese indikators (GI) wat die Wet op Landbouprodukstandaarde betref nie. Daar is tans geen raamwerk oor hoe dit gaan werk nie – die wet sê net die Minister mag dit reguleer.

Die Suid-Afrikaanse regering het toe besluit om die Handelswaremerke-wet (Wet 17 van 1941) te gebruik om aan die Europese vereistes te voldoen.

Suid-Afrika moes egter eers bewys lewer dat sy eie geografiese name in die voedselbedryf deur die wet beskerm kan word. Daarom is die reëls vir die gebruik van die woorde "rooibos" en "heuningbos" in 2013 gepubliseer. Die EU wou egter ook 'n ware GI-produk in die lys van Suid-Afrikaanse produkte hê en het versoek dat Karoolam ook só beskerm word.

Mnr. Rob Davies, die Minister van Handel en Nywerheid, het in reaksie daarop die KDF versoek om die reëls vir die gebruik van die woorde "Karoolam" op te stel en aansoek te doen om beskerming onder afdeling 13 van die Handelswaremerke-wet.

Die versoek is gedoen met inagneming daarvan dat die KDF nie enige reg probeer eien vir die woorde nie, maar dat die aansoek gedoen is ter wille van die belang van Suid-Afrika en die Karoo sodat Karoolam in die EU beskerm kan word. Die reëls is in November 2013 gepubliseer vir kommentaar. Die reëls stem presies ooreen met die reëls wat uitgespel is in die wetgewing wat hierbo genoem is.

Die proses is egter nie betyds voltooi vir die EU se sperdatum nie. Tans het Karoolam dus nie die beskerming van die EU nie. Iemand in Europa kan nou maklik Karoolam registreer. Dan sal Suid-Afrikaanse toeriste lekker Franse "Karoolam" by Le Karoo Barbeque in die suide van Frankryk kan geniet. **LBW**

Navrae: Prof. Johann Kirsten, tel. **012 420 3248**; e-pos: **Johann.Kirsten@up.ac.za**; **kmoo@cmcon.co.za**; webwerf: **www.karoomeatoforigin.com**.

BO: Die advertensiebanier van die gesertifiseerde Karoo Meat of Origin-veldtog.

NEUSRING®
• speen met gemak
• langs die ma
• geen speenskok
Die Oorspronklike EASYWEAN® Oplossing!
Vervaardig en verskaf deur:
Whole Concepts cc
Posbus 1806, Vryburg 8600
Tel. 053 927 4999
Sel 082 459 9451
Faks 086 654 5036
E-pos: judy@nosering.co.za
www.nosering.co.za

Ons nooi jou om aardverwarming saam met ons te bestry.
SEDERT 2003
Jou omgewingsvriendelike keuse bied ook:
- Beskerming teen stygende energiekostes.
- Gratis warm water - lewenslank.
- Minder ongerief weens kragonderbrekings.
- 'n Belegging in jou kinders se toekoms.
- Meer beskikbare energie vir nywerhede, wat beurtkrag iets van die verlede kan maak.
- 'n Styging in die waarde van jou eiendom.
Kontak ons: info@xstream.co.za
+27 21 872 0900
www.xstream.co.za

Groei met TAL-TEC
Bees Nek & Lyfklamp
Bees Laaibank
Bees Nekklamp
Sirkeldrukkraal Eenheid
TAL-TEC
www.taltec.co.za
(T) 012 250 2188
sales@taltec.co.za